NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# MAART 2023

## OEFEN OM TE DIEN

"Ek is in julle kring soos die Een wat dien...." Lukas 22:27

Deel van die ritueel waardeur die Jode voor die viering van Paasfees gegaan het, was die rituele wassing van voete, as simbool daarvan dat hulle geheilig is om aan die tafel aan te sit en die verlossing uit Egipte te vier. Daarvoor is by die Paasmaal 'n bak water reg gesit. Maar hierdie slag was daar 'n probleem: daar was geen slaaf om die vernederende werk te doen nie. En vir seker gaan nie een van die dissipels aanbied om dit te doen nie - hulle het pas nog loop en stry oor wie die belangrikste van hulle is!

Dan vat Jesus die lap en begin van 'n kant af hulle voete was. Hy sien wel kans om die werk te doen wat jy nie eens van 'n Joodse slaaf mag gevra het nie. En so leer Hy sy dissipels 'n geweldige les. As Hy wat ons Here en Meester is, kans sien om ons so te dien, hoe kan ek en jy dan te belangrik wees om ander te dien?

Dis 'n geweldige belangrike les vir ons om hier in die aanloop tot die Paasnaweek te leer. Langs die Here se tafel op Goeie Vrydagoggend is daar geen plek vir belangrike mense nie – net vir dienaars. Kom ons stel onsself daarop in, deur aktief te oefen om die minste te wees en te dien. Ons het na alles die perfekte Rolmodel en Voorbeeld daarvoor. Begin sommer vandag, in jou eie huis. 'n Slaaf is tog nie belangriker as sy eienaar nie, het Jesus ons immers geleer...